Die plasing van hierdie teks word moontlik gemaak deur die vriendelike samewerking van die DRAMABIBLIOTEEK, Bloemfontein

(Library and Information Services MANGAUNG METRO MUNICIPALITY)

PETRONELLA

- 'n Tragedie van verarming -

- 1931 -

geskryf deur

C. J. Langenhoven

Kontakpersoon vir opvoerregte:

AKDA (kontakadres: leanawel4@gmail.com)

15/217
Enkeleksemplaar 1176

PETRONELLA

'N TRAGEDIE VAN VERARMING

DEUR

C. J. LANGENHOVEN

NATIONAL DRAMA LIBRARY
NASIONALE DRAMA BIBLIOTEEK
BLOEMFONTEIN

[Alle Regte Voorbehou]

TRANSVAAL PROVINCIAL LIBRARY
CENTRAL REFERENCE LIBRARY
SENTRALE NASLAAN BIBLIOTEEK
TRANSVAALSE PROVINSIALE BIBLIOTEEK

NASIONALE PERS, BEPERK.
Kaapstad, Stellenbosch en Bloemfontein,
1931.

Geen resensie word gevra nie.

Opdrag en Oordrag

As 'n beskeie huldeblykie vir liefdediens aan ons verarmdes word hierdie stukkie opgedra, en alle gelde-like outeurs-aansprake oorgedra, aan die A.C.V.V.

C. J. Langenhoven.

Arbeidsgenot,
Oudtshoorn,
1 Januarie, 1931.

Verlof tot Opvoering.

Verlof tot opvoering moet van die Hoofbestuur van die A.C.V.V. verkry word.

Aan beroepspelers en beroepsgeselskappe kan geen verlof toegestaan word nie.

1102610

PERSONE

PETRONELLA, 'n Boeredogter, omtrent 19	Verloofdes
ADELRYK, 'n Boereseun, omtrent 24	
DIEDERIK LOMBARD, 'n Boer, omtrent 55	Ouers van Petronella
SANNIE, sy Vrou	
GIDEON DE BEER, 'n Boer, naby die 50	Ouers van Adelryk
HETTIE, sy Vrou	

HANS GROENEWERF, rondom die 50
THOMSON, 'n Prokureur
DS. DE WILD, 'n Predikant
DR. MAYNIER, 'n Mediese Dokter
'n Seuntjie en 'n Paar Ander, terloops

Die ouderdomme, soos hierbo aangegee, geld vir die aanvang. Tussen die eerste toneel (wat 'n voorspel is) en die res verloop daar 'n jaar of ses.

PETRONELLA

EERSTE BEDRYF

EERSTE TONEEL

Voorhuis in 'n welvarende boerewoning. 'n Voordeur, twee of drie ander deure, 'n paar vensters. Sierlike meubelment, ouderwets; onder ander 'n rusbank en 'n klavier. Tafeltjie eenkant.

Petronella word alleen op die toneel ontdek. Sy was besig met klavierspeel of met fraai handwerk, en vervat die speel of die werk hier en daar stuksgewyse tussen die alleenspraak in. Sy is net en deftig gekleed na die mode.

PETRONELLA (*alleen*): Adelryk word ongeduldig. Hy dwing ons moet nou die troudag vasstel. Ekself is nie alte teësinnig nie. Maar 'n vroumens moet mos maar gedurig haar begeertes verberg en verloën. Wonder dat die mansmense dit nog nie uitgevind het nie. Maar dis 'n dom geslag. Bly kinderbabetjies hulle lewe lank. (*Sy gaan 'n rukkie swygend met haar handwerk voort. Dan vervat sy weer.*) Hoe op aarde het ek en Adelryk ooit verloof geraak? Saamsaam groot geword; broer en suster, niks anders nie, al is ons nie nader as van Adam en Eva af famielie nie. Maar hét ons verloof geraak? Hy het my nie gevra nie; ek het nie ja gesê—of uitstel gevra nie. Het die nuwe gevoel van albei kante gelyk gekom, of eers van hom—of eers van my? Toe ons sien ontdek ons 'n nuwe wonder van heerlikheid. En toe ons

weer sien was hy myne en ek syne. En tot in ewigheid . . . .

Ek wonder of Pappie en Oom Gideon daardie plaas gekoop het. Hulle bedoel dit seker maar vir my en Adelryk vir 'n trou-present.

(*Oom Diederik kom by die voordeur in. Petronella spring op en omhels hom. Nadat hulle gegroet het, bly hy nog voor haar staan haar hand en vashou met 'n skelm glimlag soos iemand wat dit swaarkry om die verrassing wat hy gebring het lank terug te hou.*)

PETR. Toe maar, Pappie, jy steek verniet weg. Onstwee ken mekaar al te lank.

DIED. Waar is die moedertjie?

PETR. Agter in die tuin.

DIED. Ek gaan haar eers haal.

PETR. Eers? Voor wat, Pappie?

DIED. Voor ek jou vertel dat die kuikens begint uit te kom in die nes daar in die aalwee-kamp.

PETR. Ag fooitog, Pappie. Kom sit; ek wil hierdie slag vir moedertjie voor wees. (*Sy trek hom aan die hand tot by die rusbank en druk hom daarop agteroor. Hulle sit langes mekaar. Sy gaan voort.*) Ou-man, laat staan nou jou kinder-streke. Jy weet mos jy is nie teen my skerpsinnigheid opgewasse nie—ek aard na Moeder. (*Sy vat 'n bossie van sy wit hare tussen haar vingers.*) Toe nou, Pappie, of ek trek uit. Die paartjies wat nog vir 'n wonder oorgebly het. Het Pappie en Oom Gideon die plaas te koop gekry?

DIED. Oom Gideon het die helfte van die plaas gekoop—

PETR. En Pappie die ander helfte?

DIED. Ek verbeel my Oom Gideon reken so, sy seun Adelryk sal maar seker eendag gaan trou en dan wil

die ou nie nog 'n huisgesin hier by hom op die werf hê nie. En die grond wás nou in die mark.

PETR. (*opsy*): Darem reggekry om my stil te maak. Ek kan mos nie nou verder uitvra nie. So 'n slimme ou man!

(*Tant Sannie kom van agter af by die middeldeur in. Oom Diederik staan op; hulle omhels en soen mekaar. Sy bly voor hom staan en hou sy twee arms bokant die ellemboë vas.*)

SAN. (*kastig kwaad*): By watter vroumense het jy gekuier, Diederik? En jy 'n waggelende grysaard? Ons is nou in die dertig jaar getroud, en vandag is dit die eerste maal dat jy weg was en jy kom by die huis en jy soek my nie dadelik op tot jy my kry om my te groet nie.

DIED. Soos jy sê, Sannievrou. Daar wás 'n vroumens die oorsaak. Altyd mos maar so wanneer daar 'n man verkeerd loop. Maar ek het nie by haar gekuier nie. Sy het my hier in my huis met geweld van jou af weggehou. Daardie dogter van jou. (*Tant Sannie lag. Hy neem haar na die rusbank toe; die drie sit langes mekaar, hy in die middel.*)

SAN. En toe, Hartjie?

DIED. En toe, Vroutjie; Gideon het die helfte van die plaas gekoop—

SAN. Ja?

DIED. Hy reken so sy seun Adelryk gaan dalk eendag trou—

PETR. Ag hemel tog.

SAN. (*vat hom weer aan die arm en skud hom*): Ja?

DIED. Vrou van my, en ek het so gereken, Petronella . . . dit is mos maar 'n vroumens se manier . . . gaan straks ook eendag trou—

PETR. Wil Pappie dit graag hê?

DIED. Nie so graag soos jy nie, my kind—

SAN. En so het jy en Gideon dan die plaas gekóop. Vir hoeveel?

DIED. Tien-duisend pond. Vyf-duisend elk. (*Hulle word almal ernstig.*)

SAN. Hartjie, jy sal weet, jy en Gideon. Maar dis baie geld.

DIED. Ja, Vrou; in die ou tye was dit baie, vandag nie. Drie-vier jaar se volstruis-boerdery en die plaas het homself betaal. Natuurlik het ek nie die kontant nie, maar ek het meer as dit uitstaande. Daar is die bewyse van Koos Breytenbach en Dirk van Tonder en Flip Wiese—

SAN. Sal jy hulle nou die skuld opsê?

DIED. Nee, Vrou; ek sal hulle nie hinder nie. Dis almal jong beginners wat groot gekoop het. Maar hulle is fluks en die sekuriteit is goed. Die geld is so veilig soos die bank.

SAN. Dan moet jy self leen?

DIED. Die afslaer op die vendusie het onderneem om vir my die geld in die Kaap te kry.

SAN. En Neef Gideon?

DIED. Hans Groenewerf sal hom die vyf-duisend pond leen. Hans was ook op die vendusie en hy het Gideon dit daar toegesê.

PETR. Ek is jammer daaroor.

DIED. Waarom?

PETR. Ek vertrou ou Groenewerf nie.

DIED. Ag wat, my kind, hy is 'n harde man, maar hy sal hom maar netsoos Gideon aan die bepalings van die verband moet hou.

SAN. En ek is ook onrustig. My ou man, jy weet hoe't Hans Groenewerf nou-al 'n paar jaar mal is oor Petronella; hy wat meer as oud genoeg is om haar vader te wees. En hy reken dis Adelryk wat in sy pad staan. En nou kry hy 'n vattigheid op Adelryk se vader.

DIED. 'M. Het hy al weer kom neul, Petronella?

PETR. Ja, natuurlik, Pappie. Hy kom nie elke slag hier na die huis toe nie, maar hy ry dag vir dag onnodig hier verby, en waar hy my sien vervolg hy my. Ek is al siek vir hom. As hy nie 'n ou man was nie sou ek Adelryk lankal gevra het om hom 'n loesing te gee.

SAN. (*staan op*): Toe, Diederik, óp die oomblik, gaan trek jou uit. Anders loop jy met jou nuwe klere heeldag hier oral rond ek kry dit nooit weer skoon nie.

DIED. Fooitog, Sannievrou; kry jy nie vir my jammer nie?

SAN. Nee.

(*Die twee oues gaan by die middeldeur in. Petronella tel haar handwerk op, begint te werk, maar hou weer op en sit met haar hande in haar skoot gevou.*)

PETR. (*alleen*): Dis nie 'n goeie ding nie. Ou Hans Groenewerf is 'n duiwel. Op een of ander manier sal hy dit so bewerk dat hy Oom Gideon onder sy duim kry. Waarom was hy so orig om aan te presenteer om hom die geld te leen? Dank die hemel dat Pappie nie sy deel ook van hom leen nie.

(*Daar kom 'n klop aan die voordeur.*)

PETR. Kom binne.

(*Hans Groenewerf kom in. Petronella staan op; hulle gee mekaar die hand.*)

HANS: Dag, Petronella.

PETR. Dag, Meneer Groenewerf.

HANS: Waarom dan altyd "Meneer"? Noem my op my naam.

PETR. Sit, Meneer Groenewerf. (*Sy skuif 'n stoel na sy kant toe; syself gaan op die rusbank sit. Hans stap by die stoel verby en gaan langes haar sit. Sy skuif 'n endjie weg.*)

HANS: Is jy alleen?

PETR. Soos jy sien, Meneer Groenewerf. Maar nie buite my mense se bereik nie.

HANS (*lag*): Nog altyd so?

(*Petronella gee hom nie antwoord nie.*)

HANS: Jou Pa tuis? Hy is mos voor my van die vendusie af weg.

PETR. Ja, Pa is tuis.

HANS: Waar is hy?

PETR. In sy kamer, dink ek. As dit dan saak maak.

HANS: Het hy jou gesê dat hy en Gideon de Beer Groenfontein gekoop het?

PETR. Ja.

HANS: En dat ek vir Gideon die geld voorskiet?

PETR. Ja.

HANS: Ek het gedink ek sal maar jou Pa s'n ook vir hom voorskiet. Dit sal gerieflik wees as hy en Gideon albei met dieselfde man te doen het. En te meer nog as dit hulle eie buurman is. Dan is daar

nooit korrespondensie nodig as daar iets moet gereël word nie. En geen onkoste om rente weg te stuur nie.

PETR. Daaroor moet jy maar vir Pappie self sien, Meneer Groenewerf. (*Sy kyk deur die venster.*) Hy moet by die sydeur uitgegaan het—daar sien ek hom nou na die wingerd se kant toe loop.

HANS: Maar wat sê *jy* van my aanbod?

PETR. Ek wou liewer niks daarvan gesê het nie. Maar terwyl jy my nou reguit vra, Meneer Groenewerf—ek sou liewer sien dat Pappie aan enige ander man geld skuld as aan jou.

HANS: En waarom?

PETR. Omdat jy nóu-al so aanhou om my te pla en my te vervolg sonder dat ons onder 'n verpligting staan. Wat sal dit wees as jy ons skuld-eiser is?

HANS: Hoe lank moet ek nog aanhou?

PETR. Jy kan aanhou tot jy dood is.

HANS: Jy maak 'n fout, Petronella. Ek het nog nooit in my lewe vir wát ook verniet aangehou nie. Wat ek soek kry ek.

PETR. Dink jy dis reg, Meneer Groenewerf? Jy maak my desperaat. Ek het van my ouers geleer om ontsag te hê vir gryse hare, maar teen jou kan ek nie eens beleefd bly nie. Gedurig dwing jy my om beledigend te wees. En dit help ook nog niks.

HANS: Nee, Petronella, dit help niks. Ten spyte van alles sal jy nog myne wees, jy Petronella. Daar-die seun Adelryk waar jy op verlief is, staan in my pad—ek sal hom wegvee soos 'n spinnerak. Jy stoot my af—ek sal jou teësin breek soos 'n mens 'n jong-perd inbreek tot hy hom gevange gee vir die sael en die toom. Tot ek my hart op jou gevestig het, was my lewe liefdeloos; ek het niks gegee nie, ek

het niks gekry nie. Nou vreet my liefde my soos 'n kanker; hy brand my soos 'n vuur. Ek sal oorwin; as dit nodig is sal ek oorweldig; geen mag op aarde of in die hemel of in die hel sal jou van my terughou nie. Hoor jy dit, Petronella? (*Hy staan 'n rukkie voor haar met gebalde vuiste en knersende tande. Dan draai hy weg en stap by die voordeur uit sonder om te groet.*)

PETR. (*alleen*): Hy laat my sidder. Hy is eenvoudig rasend kranksinnig geword. Van nou af moet ek oppas; hy is tot enige uiterste instaat, selfs tot geweld toe. (*Sy vat haar handwerk, gee 'n paar steke, sit dit weer neer en vou haar hande op haar skoot, haar oë starend in die verte. Adelryk kom tot in die voordeur en staan haar en kyk. Oor 'n rukkie praat hy; met 'n skrikbeweging kyk sy om na hom toe.*)

ADELR. (*met 'n laggie*): Waaroor droom jy, Nel? Tog nie van my nie? (*Petronella bars in trane uit. Adelryk spring by die deur in, omhels haar en soen haar. Sy snik op sy bors. Adelryk gaan voort.*) Wat is dit dan, my liefste? Wat is dit dan tog? My hartlammetjie, wat is dit?

PETR. (*dwing haarself tot bedaring, vee haar oë uit en kyk op*): Rykie, ek is bang.

ADELR. Bang? Bang vir wat?

PETR. Bang vir ou Hans Groenewerf.

ADELR. Bang vir hom? Vir hom? Wat kan hy jou maak?

PETR. Rykie, jy het nog altyd 'n grap gemaak van sy verspotte ou-mans-vryery. Dis nie 'n grap nie. Die man is dodelik ernstig, ernstig tot raserny toe, en dit word erger en erger. Hy sal heeltemal onverantwoordelik word.

ADELR. Maar, my hartlief, ek is tog hier om jou te beskerm.

PETR. Jy kan my nie elke uur van die dag oppas nie, Rykie. Ek sê vir jou die ou man is rasend.

ADELR. Wat bog, hy kan niks doen nie. Vergeet hom. (*Hy soen haar.*) Nel, kom ons praat oor iets anders. En waarlik daar is 'n groot ding om van te praat. Ek het hierheen gekom, gloeiende van blydskap; en ek kry jou in trane. Toe nou, Nel; toe nou, droë hulle tog nou af. Oom Diederik het jou seker al gesê —hy en my Pa het Groenfontein vir ons gekoop. Nou kan ek dadelik aan die bou gaan aan ons huisie, en slote uithaal en land skoonmaak en lusern saai. Ek sal daardie plaas laat dreun, hoor jy, Nel? En so gou as die huis klaar is, sal ons intrek, ek en my bruid. En hand aan hand sal ons ons volle nuwe lewe begint, met verantwoordelikheid vir ons tug, met moed vir ons toekoms, met liefde vir ons besieling. Maak dit nie jou hart kokend soos myne nie, Nel?

PETR. (*sit haar hand op syne met 'n glimlag waarin daar droewe teerheid is*): Rykie, jy weet van wie jou Pa die geld opneem vir die koopskat?

ADELR. Nee, Nel; ek het hom nie 'n kans gegee om verder te gesels nie. Ek was te haastig om my blydskap met jou te kom deel.

PETR. Ou Hans Groenewerf het hom die geld daar op die vendusie aangepresenteer—hoor jy, self aangepresenteer—en Oom Gideon het die aanbod aangeneem. Jy weet hoe goedvertrouend jou Pa is; met al sy wonderlike dinkvermoë is hy in besigheidsake nes 'n kind. Hoeveel maal was hy nie al die prooi van skurke nie?

ADELR. Ek weet, Nel. Pappie is te veel 'n kind van die lig om wys te wees in sy geslag. Maar watter saak maak dit by wie hy die geld opneem? Die sekuriteit, met sy óu plaas daarby, is dubbeld en dubbeld meer as die vyf-duisend pond wêrd. As daár ook moeilikheid kom, kan hy altyd die geld ander

75/219 Enkeleksemplaar

plek opneem en ou Hans betaal en van hom ontslae wees. En binne 'n paar jaar, my liewe Nel, sal ons uit die volstruisboerdery alleen die ou skuldjie uitdelg, ons-twee, ek en jy.

PETR. Ek sal nou nie weer daarvan praat nie; ek was nog nooit 'n nat vaatdoek vir jou nie. Vergewe my hierdie slag my wankelmoedigheid; ek was bitter ontsteld voor jy hier ingekom het. (*Sy soen hom.*)

(*Oom Gideon kom by die voordeur in en groet vir Petronella.*)

PETR. Geluk met jou koop, Oom Gideon.

GID. (*glimlag suur*): Dankie, kindjie. Ek vrees ons het nou mekaar se gelukwense baie nodig.

PETR. (*skrik*): My liewe Oom, wat is dit dan nou?

GID. Waar is jou Pa, kindjie?

PETR. Ek het Pa 'n kwartier of so gelede deur die wingerd sien loop na die vleikamp se kant toe. Maar wat is dit, Oom?

GID. Ek het nuus vir hom wat nie vir my na goeie nuus lyk nie. En dit kom, vir hom en vir my, net 'n dag te laat.

ADELR. Pa, maar wat is dit dan tog?

GID. Daardie groot pluksel vere wat ons Saterdag gepluk het —

ADELR. Ja, Pa?

GID. Ek het mos vir ou Isak Lewenstein, ons eie besondere ou Jood, laat weet om na die vere te kom kyk —

ADELR. Ja, Pa?

GID. Hy het my nou met sy verby-ry na die kar toe gewink. Hy sê dit sal nie help dat hy na die vere kyk nie. Niemand kan nou koop nie, daar is te 'n groot onsekerheid. (*Hy bly 'n rukkie stil. Adelryk en Petronella kyk hom vraend aan. Hy vervat.*) My kinders, Europa is in vuur en vlam. Die Groot Oorlog het uitgebreek. Die veremark is uitgestel.

ADELR. Dan is hy maar uitgestel, Pa.

GID. Uitgestel? Wie sal sê tot wanneer? Ons mark is dáár en ons klandiesie is besig om mekaar uit te rinneweer; hulle sal nie kan koop nie. Ons het rykdom gesoek uit die verskaffing van 'n weelde-artiekel wat nie bruikbaar is in die oorlog nie, wat nie nodig is in die vredes-tyd nie, wat nie bekostig kan word deur die armoede nie. Daardie oorlog is nie 'n tussenspelletjie van 'n dag of 'n maand of 'n jaar nie; en wanneer hy eendag deur die uitputting van sy deelnemers op 'n end loop, sal die geldstelsels van die wereld in duie lê. Daar kom swaar tye vir ons almal en vir die volstruisboere die swaarste van almal. Ons bate het hulle waarde verloor; netmaar ons skulde sal bly wat hulle is. En ons; wat sonder skuld was, ek en my ou vriend Diederik, het groot skuld gemaak —ons het óns en ons eggenote en kroos as gyselaars onderwerp aan 'n toekoms wat gister met rosekleure geskyn het en vandag donker voor ons lê.

Gordyn

TWEDE TONEEL

Selfde as die vorige. Ses jaar het verloop. Die manspersone is 'n bietjie merkbaar ouer.

Oom Diederik en sy vrou word op die toneel ontdek. Hulle sit weerskante van die tafeltjie.

OOM DIEDERIK (*breek 'n koevert oop wat hy van die tafel af opgetel het, lees die brief wat daarin is, en sit dit weer op die tafel neer. Hy sug.*)

TANT SANNIE: Wat is dit dan, my ou man?

DIED. Ek wou dit maar vir my gehou het.

SAN. As jy een ding vir my wegsteek, Diederik, dan weet ek nie hoeveel ander jy wegsteek nie.

DIED. Jy weet mos, Sannievrou, dit sou wees om jou sorg en kommer te bespaar.

SAN. En waarvoor het jy vir my, Diederik, as dit nie is om jou kruis vir jou te help dra nie? Watter nuwe moeilikheid bring daardie brief nou weer?

DIED. Weer 'n aanskrywing oor die rente wat verlede maand verval het. Ek wonder waarvoor die liewe mense nog die papier en seëls op die aanskrywings verkwis. Hoeveel jaar het die rente nou-al opgeloop? Wanneer, sê vir my weer, het ons daardie grond gekoop, ek en Gideon?

SAN. Dit was in die begin van Augustus, 1914.

DIED. Ses jaar. Drie honderd pond in die jaar. En daarvan het ek een enkele halfjaar se rente betaal, toe ek op my eie uitstaande geld die paar sommetjies teruggekry het uit die insolvente boedels van my eie skuldenaars. Dit was altyd vir my 'n gruwelike ding as 'n man nie sy skuld betaal nie. En nou is ekself in daardie toestand.

SAN. Niemand het die reg om jou daaroor te veroordeel nie, my ou man, en jy jouself ook nie. Dit was nie met jou toedoen dat die ramp jou getref het wat op almal geval het nie. En die maatskappy waar jy die geld aan skuld, is nog altyd genadig. Hulle het jou nog nie die verband opgesê nie. Hulle is gewillig om vir beter tye te wag.

DIED. Genadig, Vrou? Nee. Hulle weet die grond sal geen prys gaan as hulle hom nou laat verkoop nie, en ek sal dit beter oppas as 'n ander wat hulle in die tussentyd hierop kon sit. Hulle wag vir beter

tye, ja, wanneer dit hulle sal betaal om die grond onder ons uit te verkoop. En ek kan hulle nie kwalik neem nie; dis hulle wettige geld wat hulle my geleen het.

SAN. (*sit haar hand op syne*): My Hartjie, ons maak niks beter met swaarmoedigheid nie. Ons is oud, ons-twee; ons paadjie is in elke geval nie meer lank voor ons uit nie.

DIED. Ons is oud, Sannievrou—en ons ou dogtertjie, ons enigste, is jonk. In oorvloed en weelde het ons haar grootgemaak; armoede en gebrek laat ons haar ná. Dis vir haar en vir Adelryk dat ek en Gideon daardie plaas gekoop het wat ons nek gebreek het. En nou kan hulle nie eens trou nie; daar is al ses jaar verbygegaan en Adelryk is te hoogmoedig om haar te trou solank as hy haar nie kan onderhou volgens die stand waaraan sy gewénd was nie.

SAN. (*vat hom aan die arm en skud hom*): Nou ja, Diederik, daar gee jy mos nou self antwoord op jou eie besware. Kyk die selfbeheersing van die twee kinders! Sulkes soos hulle gaan nie plat lê onder teëspoed nie. Hulle lewe is voor hulle. Laat hulle arm begint soos ek en jy arm begint het, en wat hulle bymekaar maak sal te meer vir hulle wêrd wees omdat dit die vrug van hulle eie sorg en vlyt sal wees. Wag maar tot die nuwe tye kom met nuwe geleënthede .... My ou man, toe ons arm was, toe ons ryk was, noudat ons weer arm is —al die tyd is ons en ons kinders in die hand van die liewe Here. Laat ons tog op Hom vertrou. (*Sy vat Oom Diederik aan die hand. Hy sit maar kop onderste-bo. Tant Hettie kom by die voordeur in. Sy kyk die twee met 'n skelm glimlag aan.*)

TANT HETTIE: My liewe mensdom. Wil ek sê! Kry ek julle twee oues hier op die helder middag dat julle sit en vry nes twee tortelduifies voor hulle eerste nes!

DIED. (*met 'n laggie*): Dis al wat daar vir 'n mens teenswoordig nog oorbly om te doen. En ek het nie 'n slegte maat om dit mee te doen nie. Jy sal nooit glo, Hettie, hoe vurig Sannie nog kan wees nie. (*Hy streel sy vrou se hare.*)

SAN. Diederik, jy's verspot. Hettie, kry jy dit ook so swaar? Ek moet maar aanhou om vir Diederik moed in te praat en op te beur anders bly hy een van die dae lê nes die man wat selfmoord gepleeg het omdat dit hom so gehinder het om te dink dat hy eendag van ouderdom sou doodgaan.

HET. Diederik, waarom maak jy so met nig Sannie? As ek sy was sou ek jou uitlag, en as dit nie help nie sou ek jou tugtig.

DIED. Is dit wat jy doen met Neef Gideon, Hettie?

HET. Ek doen met hom niks. Wat doen jy met 'n wysgeer wat gedurig sy kop daar bo in die wolke het en niks voel van die dorings wat hom hier onder in sy voete steek nie? Vanoggend kom hierdie brief daar (*sy haal dit te voorskyn*). Ek kon sien aan die gedrukte naam bo-aan dat dit van prokureur Thomson is. Maar dis Engels—wat verwag jy dan ook?—en Adelryk is weg dorp-toe. Ek wou hê Gideon moet die brief vir Petronella bring en haar vra om dit vir hom te lees. Maar hy sê waarvoor wil hy dit gelees hê? Dit sal maar weer een of ander geldelike moeilikheid wees, en wat kan hy daaraan doen? So is Gideon; steur hom aan niks. Ek en Adelryk moet die hele boerdery aan die gang hou—vir wat weet ek eintlik nie, maar ons kry tog darem nog ons kos daaruit. Nou het ek maar self die brief gebring. Ek voel onrustig. Is Petronella in die nabyheid?

DIED. (*roep*): Nel; Nel; Petronella!

PETRONELLA (*kom by die middeldeur in*): Ja, Pappie? More, Tant Hettie.

HET. More, Nellie. Lees tog vir my hierdie Engelse brief.

PETR. (*neem die brief by haar en kyk dit eers deur. Dan vertaal sy*): Thomson sê hy is gelas deur Meneer Johannes Groenewerf —

DIED. O my liewe hemel!

PETR. (*voortgaande*): — deur Meneer Johannes Groenewerf, eienaar en wettige houer (is dit wat 'n mens op Hollands daarvoor sê?) van 'n sekere verband, so en so, om kennis te gee en te eis dat die kapitaal en agterstallige rente, en verder rente tot op datum van betaling, en alle onkoste en kommissie, binne sewe dae van die datum van die brief af by Thomson se kantoor vereffen moet word, anders sal Meneer Groenewerf verplig wees om stappe te neem voor die Hoë Geregshof om las te kry om die vasgoed en losgoed van die skuldenaar deur die balju te laat verkoop.

DIED. (*fluit*): Gwoeioe. Magtig. Sewe dae!

HET. En al was dit sewe maande, Diederik, wat sou dit ons help? Daar bly niks vir ons oor nie; ons sal moet kaal uitstap, ek en Gideon en Adelryk.

PETR. (*sit haar arm om Tant Hettie se skouers*): Ag, fooitog, Tant Hettie.

SAN. Maar dit kan nie wees nie. Hans Groenewerf het nie die geld nodig nie. Hy moet tog 'n menselike gevoel hê—

PETR. Menselike gevoel!

SAN. Bly stil, my kind. Hettie, jy moet Gideon stuur om met Hans Groenewerf te gaan mooipraat. Ek weet dis 'n raad wat makliker is om te gee as om te volg; ons is geeneen van ons daaraan gewend om ander mense te soebat nie. En dan nog 'n ellendeling soos Hans Groenewerf. Maar as 'n mens al die ander

dinge al verloor het, moet jou hoogmoed maar daarmee saam heengaan.

HET. (*lag met bitterheid*): Wat sê jy, Nig Sannie? Vir Gideon stuur na Hans Groenewerf toe? Gideon? Gideon sal vir Hans sê hy het volkome gelyk, dis sy geld, hy kan dit opeis soos hy wil. Maar jou raad opsigself, Nig Sannie — as dit ons nie verder bring nie sal dit ons nie verder agteruit bring nie. Ek sal my eie gevoel opoffer en self met Hans gaan mooipraat .... Ag, liewe Here tog; waar het ons heen geval? Dit was nooit van die begin af na my sin dat Gideon daardie geld juis by Hans Groenewerf moes opneem nie. Maar Gideon was altyd 'n baba.

DIED. (*hoor iets en kyk by die deur uit*:) Letterlik; hierdie slag — praat van die duiwel, daar klim Hans Groenewerf van sy perd af.

PETR. Sal wel weer na my toe wees wat hy kom om my siel te kom versondig.

DIED. As dit nie om jou en jou man en jou seun ontwil was nie, Nig Hettie, sou ek Hans van my werf af wegja en hom belet om sy pote ooit weer hier te sit .... Solank as dit dan nog myne is.

SAN. Kom, julle twee; kom ons gaan in na die eetkamer toe solank. Laat Hans vir Hettie alleen hier kry, dan kan sy met hom praat. (*Sy stoot vir Oom Diederik en Petronella met haar twee oop arms by die middeldeur in asof dit vee was wat sy by 'n kraalhek indwing. Daar kom 'n klop aan die voordeur.*)

HETTIE (*staan op en gaan oopmaak*): Kom binne, Neef Hans.

HANS (*kom in*): More, Nig Hettie.

HET. More, Neef Hans. Sit tog.

HANS: Die huis se mense dan nie hier nie?

HET. Hulle is binne-toe vir die oomblik. Maar sit tog, Neef Hans. Ek wil graag 'n woordjie met jou praat. (*Albei gaan sit.*)

HANS: Ja, Nig Hettie?

HET. Ons het vanmore jou aanskrywing van die prokureur ontvang.

HANS: Ek is jammer, maar dis nie ek wat die oorsaak van die ding is nie. Wat kan ek anders doen? Ek kan nie my geld langer laat renteloos lê nie.

HET. Neef Hans; ek erken dat jy binne jou reg is. Ons het die geld van jou geleen, en ons het agtergebly met jou rente. Jy is binne jou reg. Maar daar kom tye wanneer 'n mens nadink of jy van jou reg sal gebruik maak.

HANS: Nig Hettie, jy verstaan tog die posiesie. Ek het julle my geld geleen, menende dat dit so veilig sou wees soos in die bank. Dit was nie bedoel vir 'n spekulasie nie maar vir 'n vaste besigheids-transaksie. 'n Mens spekuleer vir wisselvalligheid—maar dan nie vir ses per sent in die jaar as dit op die beste uitdraai nie.

HET. Maar wat sal dit jou baat om ons uit te verkoop? Soos dinge vandag staan sal ons grond en ons goed nie die helfte van jou verband se bedrag opbring nie. Die tye moet mos tog weer eendag beter word. Wag, en ons sal jou die laaste pennie betaal.

HANS: Nig Hettie, jy het volkome gelyk. Die opbrings van die vendusie sal nie die helfte van my eis tegemoet kom nie. Maar dan koop ek maar die grond en die goed self in, op afkorting van die verbandskuld, en ek hou dit tot die tye beter word, soos jy sê—en ek dink jy het daarin ook gelyk.

HET. (*bly 'n rukkie stil. Dan praat sy met klaarblyklike swaar bedwang*): Neef Hans, laat ek 'n ander beroep op jou maak, die beroep van 'n ewemens op

'n ewemens. My man is te fyn van aanleg vir alledaagse wereldse sake en besigheidsake, onbeholpe, onsorgsaam, sonder beleid. Ek het maar altyd sy hele affêre op my skouers gedra totdat my seun oud genoeg was om die las met my te deel. Ek kla nie daaroor nie; vir al die skatte van die wereld sou ek my man nie anders wou hê nie—daarvoor het ek hom lief, vir wat hy is. (*Hans sit en anderpad kyk asof hy hom verveel. Maar Tant Hettie gaan maar voort.*) Wat ek wou sê, Neef Hans, my man is nie van die geaardheid dat hy nou op sy ou-dag 'n nuwe begin sal kan maak nie; as ons uit ons huis uitstap sal ons daar uitstap om te gaan swerwe. Hy het nie eens toe hy jonk was ooit 'n nuwe begin gemaak nie; hy het al die tyd niks anders geken nie as oorvloed en onafhanklikheid. In daardie huis is hy gebore en groot geword en sy vader voor hom. En daar is ons seun, ons enigste kind, gebore en groot geword, met die vooruitsig om soos sy vader en sy vader se vader vry te bly van armoed en gebrek. Ses jaar gelede, toe die ramp van die Groot Oorlog ons almal in die afgrond gedompel het—buiten vir jou, Neef Hans, want die Here het jou groter geseën as vir ál ons ander—toe reeds het Adelryk op trou gestaan met Petronella. Maar hy het afgesien en uitgestel omdat hy haar nie van die stand waarin sy soos hy groot geword het, wou verneder nie. Neef Hans, besef tog watter mag jy oor ons huisgesin in jou hande het. Kan jy dit oor jou hart kry om ons in die afgrond te dompel?

HANS: Ag, my liewe hemel, Nig Hettie, is ons kinders of is ons grootmense? Ons het hier te doen met 'n skone besigheidsaak en jy kom by my met 'n bedelpreek oor liefdadigheid. Watter liefdadigheid skuld ek jou en jou man en jou seun meer as wat al die ander mense julle skuld? Bedel en huil tog by almal en nie by my alleen nie.

HET. (*staan op en stap na die middeldeur toe. Voor sy daar ingaan, draai sy om*): Neef Hans, ek het van jou verstaan dat jy een van die huis se mense wou gesien het. Wie sal ek vra om hierheen in te kom?

HANS: Juffrou Petronella, asseblief.

HET. Goed, ek sal haar sê. (*Sy gaan by die middeldeur in.*)

HANS (*alleen*): Sou die stomme onnosele drommels nou-nog dink dat ek hulle my geld daardie tyd geleen het uit vrindskap en sonder 'n oogmerk?

(*Petronella kom by die middeldeur in. Hans staan op. Sy groet hom, maar sonder om hom die hand te gee, en sy vra hom nie om te sit nie. Albei bly staan.*)

HANS: Ek het weer vandag na jou toe gekom, Petronella.

PETR. So sien ek. En voordat jy my hier gekry het, het jy die vrou en moeder hier gekry wat jy besig is om met man en kind saam te verongeluk. Ek verónderstel nie dat sy jou onmenselike hart beweeg het nie.

HANS: Natuurlik het ek my nie van haar laat beweeg nie.

PETR. Natuurlik nie. Jy het mos 'n baie sterker oogmerk as om net jou geld terug te kry. En met so 'n soort oogmerk het jy dit oorspronklik uitgeleen.

HANS: Nou ja, Petronella; ek het jou mos gesê daardie arme seun Adelryk wat jy jou nog altyd verbeel dat jy versot op is en wat vir jou nou-al ses jaar aan die lyntjie gehou het omdat hy te vrot is om met jou te trou —

PETR. As jy nie 'n ou-man was nie, dan vroumens wat ek is, sou ek jou deur jou gesig klap vir wat jy daar sê —

HANS: — ek het jou gesê daardie seun staan in my pad en ek sal hom soos 'n spinnerak wegvee. Ek is nou besig om hom weg te vee. Binne weinige weke sal ek sy vader se grond onder hom uit koop, en sy lewende hawe, en sy losgoed, en sy huisraad, en sy sakoorlosie en die vrou se naaimasjien. En vader en moeder en seun sal kaal daar uitstap en in die pad gaan staan en op en af kyk watter kant toe om te loop om uitkomste te soek. En op die óu end sal die drie hand-aanmekaar by jou kombuisdeur kom staan om afval en ou-klere te bedel. En dan kan jy spog: "So lyk my bruidegom." . . . . Jy het nou ses jaar gewag, Petronella, en wat het Adelryk in die ses jaar gevorder? Wag nog ses jaar, en nog veertig jaar, en wat sal hy vorder? Trou hom en jy trou bywonerskap, daglonerskap, swerwelingskap, bedelaarskap; jy wat in die skoot van die weelde opgegroei het. Trou met my en jy sal meer hê as wat jy in jou ouers se huis ooit van gedroom het. En jy hoef nie te vrees dat ek jou ná die huwelik sal tekort doen nie — soveel duisende as wat jy begeer, sal ek vir jou met die kontrak van die huweliksvoorwaardes verseker . . . Maar jy soek meer, Petronella. En by wie sal jy dit kry soos by my? Het ek nie my liefde deur die jare heen bewys nie? Het ek nie bewys dat die res van die wereld by my niks weeg teenoor jou nie?

PETR. Ja, Hans Groenewerf, jy het jou liefde bewys — van die gehalte waarvan dit dan is. En jy het ook bewys wat jou geaardheid is en watter soort onmens jy is van hart en inbors. Jy plaas my voor 'n keuse? Ek sê vir jou, as Adelryk 'n nakende bedelaar was, as hy blind en lam en melaats was, dan nog was hy goud teen slyk by jou gereken. En gaan nou jou gang; rinneweer daardie mense en versadig jou boos-

aardigheid sovér as jou mág strek. Oor my het jy geen mag nie en jy sal dit nooit hê nie. Ek verag jou en ek verafsku jou. En Goddank dat jy my ouers nie kan raak om met hulle te doen wat jy met Adelryk s'n gedoen het nie, dat my vader by wild-vreemdes geleen het en nie by jou, sy bekende en buurman nie.

HANS: So. Jy verag my. Ek spot met jou veragting. Dis die nuk van 'n dwase kind. En jy verbeel jou, Juffertjie, dat ek op die end van my hulpmiddels gekom het? Ek vertrek more Kaap-toe. Wag tot ek daarvandaan terug is ander week en jy sal verder leer. Tot wedersiens, Petronella. (*Hy gaan by die voordeur uit.*)

PETR. (*alleen*): Ek wonder wat sy nuwe dreiement beteken. Wat het ek tog gedoen om die vloek te verdien dat ek so 'n man moet vrees?

(*Adelryk kom by die middeldeur in. Hy bly 'n end van Petronella af staan.*)

PETR. Rykie, my dierbare, jou koms is soos die geure van die daeraad ná 'n donker nag in 'n grafkelder van verpesting. Kom, my liefste, waarom bly jy daar staan? Kom sit jou arms om my en druk my aan jou bors, ek het jou nodig.

ADELR. (*met doodse kalmte*): Nel, my sussie, ek het gekom om jou jou vryheid te gee.

PETR. My vryheid? Om vry te wees van wat? Van jou? (*Sy gaan voor hom staan en vat met haar hand aan sy arm.*)

ADELR. Nel, jy het jou aan my verbind toe ek 'n ryk mans seun was. Toe het die ramp gekom en ek het jou laat wag. En ek het jou ses jaar laat wag. En op die end van die ses jaar staan ek hier meer magteloos om jou te neem as in die begin daarvan. Ek kyk vorentoe en daar is geen moontlikheid van

'n vooruitsig nie. Ek is 'n boer; ek het geen ander beroep of kans van verdienste nie. As 'n ambagsman, 'n handelsman, 'n opgeleide beroepsman, se loopbaan verongeluk, is dit tydelik. Hy begint maar weer van nuuts af. Neem 'n boer se plaas onder hom uit en jy vat sy gereedskap weg en daar is geen ander vir hom te kry nie. Ek sal nie gaan bedel nie, Nel; ek sal nie gaan steel nie; ek sal nie gaan platlê nie. Ek sal werk, al is dit die werk van 'n gewone arbeider om my vader en moeder op hulle ou-dag te onderhou, al is dit in 'n toestand van armoede soos hulle nooit geken het nie. Maar ek het geen reg om jóu vas te hou aan die ketting van my vernedering nie.

PETR. (*trek hom aan die arm tot by die rusbank en gaan by hom sit. Sy vat om sy nek en soen hom*): Rykie, het jy my niks meer lief nie? Het jy teë geword vir my?

ADELR. Nel, ek bid jou, moenie my las nog swaarder maak nie. Dink jy dat dit nie my siel verskeur het om vir jou te kom sê wat ek gesê het nie?

PETR. Nou ja, Rykie, as dit dan so is — ek het netnou gesê jy moet na my toe kom, ek het jou nodig. Het jy my nie meer nodig nie? Het jy my nie juis nou te meer nodig nie — nou in die donker dae van jou teëspoed meer as in die sonnige dag van jou welvaart wat verby is nie?

ADELR. Nel —

PETR. Wag, Rykie, dis ek wat praat. Ek moet mos nou na jou vry in plaas van jy na my. As jy my nou laat staan sal jy mos buitendien nie trou nie. Kan jy nie netso goed ongetroud bly met my as sonder my nie?

ADELR. En jy, Nel?

PETR. En ek, Adelryk? Jou liefde is vir my genoeg, getroud of ongetroud, in sonskyn of in skaduwee, in

welvaart of in gebrek, met die begeertes van die liggaam of daarsonder. My siel is joue; jou liefde is vir my genoeg. Is myne nie vir jou genoeg nie, Rykie?

Gordyn

DERDE TONEEL

Selfde as die vorige.

Tant Sannie, met 'n stuk naaiwerk, en Petronella, besig om blomme te rangskik, word op die toneel ontdek. Petronella se klere is miskien 'n weinigie minder splinternuut na die mode.

TANT SANNIE: Adelryk het mos gisteraand weer tuisgekom. Het my kind hom al gesien?

PETRONELLA: Ja, Moedertjie; hy was netnou hier voor by my in die blomtuin.

SAN. Hoevér het hy gekom?

PETR. Niks uitgevoer nie. Die mense ken hom; almal sou hom vertrou al het hy geen stuk besitting meer nie. Maar die wat grond had om aan hom te verhuur, weet nie hoe lank hulle self baas daarvan sal bly nie. Vir 'n voormanskap of opsigterskap is daar nêrens 'n opening nie; deur die aanhoudende droogte wat op die oorlog gevolg het, bring die plase nie eens genoeg op om gewone werkvolk aan te hou nie. Daar is ook nie werk nie. En die vendusie is bepaal vir die vyftiende; dan sal Adelryk en sy Pa en Ma die huis moet ruim —

SAN. En al wat hulle s'n was daar agterlaat en uitstap met hulle klere aan hulle liggaam. Natuurlik sal ons hulle vereers hier by ons inneem. Die ou-

mense kan die een vrykamer kry; vir Adelryk sal ons die buitekamer inrig.

PETR. Dit sal vir hulle swaar wees, so lief as ons almal mekaar het, dat hulle hier by ons kom genade-brood en genade-herberg ontvang.

SAN. Dit sou swaarder wees om dit by vreemde mense te kry. En gebrek het geen keuse nie. As 'n mens tot daardie toestand val, gee jy nie net jou wereldse goed op nie; jy gee jou roem en jou trots en jou wil op. Daarom bly jou arme Pappie maar so neerslagtig, hoe ek ook probeer om hom op te beur en my eie angs en sorg wegsteek. Dis nie dat hy so bang is vir die toekoms nie; hy was nog altyd mans genoeg om te dra watter laste hom opgelê word. Dis die gevoel wat hy het dat hy sy waardigheid verbeur het omdat hy nie sy verpligtings teenoor ander kan nakom nie. Dis 'n harde saak vir 'n man wat nog altyd sy lewe lank elke ander mens in die oë kon kyk . . . Ek hoor 'n kar stilhou.

PETR. (*kyk by die voordeur uit*): Dis prokureur Thomson.

SAN. O Here!

PETR. Moedertjie, gaan jy tog maar binnetoe. Ek sal hom ontvang. (*Sy gaan voort met die rangskikking van die blomme. Die tante gaan by die middeldeur in. Daar word geklop aan die voordeur. Sy sê—*) Kom binne.

PROKUREUR THOMSON (*kom in*): More, Juffrou.

PETR. More, Meneer.

THOM. 'n Blom tussen die blomme.

PETR. Ek wens ek kon soos een van hulle wees, Meneer. Hulle glimlag maar soet en vrolik sonder om hulle te bekommer oor die snelle doem van verwelking wat hulle wag. — Kan ek iets vir Meneer doen?

THOM. Is u vader tuis, Juffrou?

PETR. Hy is agter in die tuin besig. Sit tog en verskoon my; ek gaan hom roep. (*Sy gaan by die middeldeur in.*)

THOM. (*alleen*): My klient is 'n ellendeling en ek voel self asof ek 'n misdadiger was. Hier moet ek nou kom om die ondergang te bewerk van daardie meisiekind, 'n dame wat vir die hoogste kringe 'n versiersel sou wees, en van haar vader en moeder, twee ou-mense met 'n lewe van vlyt en skoonheid agter hulle. Die beste klas mense wat jy in enige samelewing in die wereld kan kry. En van daardie klas is die distrik vol, en so sal hulle almal óndergaan. Maar dit het 'n Hans Groenewerf gekos om die eerste te wees om met die uitroeiïng te begint.

OOM DIEDERIK (*kom by die middeldeur in*): More, Meneer Thomson.

THOM. More, Meneer Lombard. Ek sal nie met u spot deur te vra hoe dit gaan nie. Ek kom om 'n onaangename taak te vervul.

DIED. (*glimlag*): So het ek reeds vermoed. Maar ek het niks om jou kwalik te neem nie; jy doen maar jou plig.

THOM. Ek is baie jammer, Meneer, Ek het hier 'n kennisgewing wat ek gelas is om persoonlik aan u af te lewer. (*Hy haal 'n dokument uit 'n portefeulje en hou dit voor hom oop.*) Die inhoud hiervan is, Meneer, dat u die bedrag van kapitaal en rente op 'n sekere verband deur u verskuldig binne drie dae moet vereffen, met koste van kennisgewing en invordering, anders sal daar dadelik stappe geneem word voor die Hooggeregshof om las te kry vir die balju

om u eiendom, vasgoed en losgoed, in beslag te neem en te verkoop.

DIED. Is dit die Kaapse Maatskappy wat die stappe neem?

THOM. Nee, Meneer. Hulle het afstand gedoen van die verband en dit oorgemaak aan Meneer Hans Groenewerf. Namens hom word hierdie stappe geneem.

DIED. Dan het hy Kaap-toe gery om die verband wat nie eens aan hom verskuldig was nie, te gaan koop om my te kan rinneweer?

THOM. (*trek sy skouers*): Meneer, hy het gedoen wat die wet hom die reg gee om te doen. Meer as dit kan ek nie sê nie. Meneer, ek is baie-baie jammer.

DIED. En ek het vir jóu jammer, Meneer Thomson. Ek dink nie jy kan lekker voel onder die plig wat jy hier gekom het om uit te voer nie. (*Hy neem Thomson tot by die deur en hulle groet mekaar. Thomson gaan uit.*)

DIED. (*alleen*): Hans het seker die verband vir minder as helfte van die bedrag wat daaronder verskuldig is gekoop; die Maatskappy sal goddank bly gewees het om nog soveel daarvoor te kry. Maar ek bly die hele som skuldig. Nou ja. Miskien sal ek gelukkiger wees wanneer die swaard geval het en sy uiterste gedoen het as wat ek was onder die angs wat ek verduur het toe hy nog oor my hoof gehang het.

TANT SANNIE (*kom by die middeldeur in*): Wat is dit, Diederik?

DIED. Selfde as met Neef Gideon. Ons sal moet trek, Sannievrou. Maar daar is niks om klaar te maak nie; niks om in te pak nie; soos met die dood sal ons niks kan saamneem nie.

SAN. Is dit die Kaapse Maatskappy wat nou nie langer wil wag nie?

DIED. Nee, dis Hans Groenewerf wat nou optree. Hy het die verband gaan koop om dit te kan doen. (*Hy kyk by die voordeur uit.*) En daar klim Hans van sy perd af om hierheen te kom. Waaragtig hy is nie bang dat ek my kierie sal vat en hom 'n nekslag gee nie.

SAN. (*kom tot by hom en vat om sy skouers*): Vadertjie —

DIED. Ja, Sannievrou —

SAN. Jy sal jou bedwing?

DIED. Dis baie wat jy vra, Sannievrou.

SAN. Jy sal jou terughou, Diederik?

DIED. Nou ja, dan sal ek.

SAN. Jy beloof?

DIED. Ek beloof.

(*Tant Sannie gee hom 'n soen en gaan by die middeldeur in. Hans Groenewerf klop aan die voordeur.*)

DIED. Kom binne.

HANS GROENEWERF: More, Neef Diederik. (*Hy steek sy hand uit; Oom Diederik gee nie syne nie.*)

DIED. More, Hans. Sit. Wat is dit?

HANS: Oom Diederik, ek het agter Prokureur Thomson aangekom. Hy sal die kennisgewing omtrent die verbandskuld aan jou afgegee het.

DIED. Ja, ek het dit van hom ontvang. En ek het dit aangeneem as eg; ek het geen verder persoonlike bevestiging nodig nie. Ek het ook geen verder bewys

nodig van watter soort ellendeling jy is nie. Jy is besig om Gideon de Beer op sy ou-dag te rinneweer en met vrou en kind op die wa-pad te stuur. Maar dit was nog jou eie aanspraak. Nou gaan jy, om my ook op my ou-dag, met vrou en kind te rinneweer, my skuld opkoop wat ek nie by jou gemaak het nie omdat ek jou nooit vertrou het om by jou onder 'n verpligting te staan nie. Roei my nou uit, jy is mos aan die gang en jy het die geleëntheid gemaak. Waarvoor kom jy dan hierheen? Om oor my te triomfeer? Wag tot die huis en al wat myne was joue is dan kan jy hier in en uitgaan sonder my verlof.

HANS: Neef Diederik, laat ons nou met verstand gesels. Met harde woorde kom ons nêrens nie. In die gewone loop van sake sal daar, soos jy sê, op die aanskrywing 'n dagvaarding volg en op die dagvaarding 'n uitverkoping deur die balju. Maar daar is 'n ander uitweg, en daarvoor is ek hier met 'n voorstel.

DIED. Ek verwag die uitweg wat jy wil voorstel sal erger wees as die ramp. Maar ek wag om te hoor.

HANS: Neef Diederik, asseblief. Hier het ek die verband in my sak. (*Hy haal die dokument te voorskyn.*) Ek is gewillig om nou hier by jou tafel te gaan sit en agterop algehele kwytskelding van kapitaal en rente te betuig en dit te onderteken en die verband by jou te laat om weg te stuur vir vernietiging.

DIED. Ja? Jy is gewillig om dit te doen — ás wát?

HANS: Ek is gewillig om dit te doen as Petronella nou hier wil kom en beloof om met my te trou.

DIED. (*kyk vir Hans doodstil aan. Dan staan hy op, loop na die middeldeur toe en roep na binne toe*): Vrou, Vrou! (*Hy bly daar staan tot Tant Sannie inkom en neem haar na 'n stoel toe.*) Vrou, sit nou

hier en wag en luister en jy praat nie 'n woord nie. (*Hy gaan weer na die middeldeur toe en roep*:) Petronella! (*Sy kom in; hy neem haar aan die arm en die twee bly voor Hans Groenewerf staan. Oom Diederik gaan voort.*) Petronella, ek en jou moeder het brand-arm begint. Ek had 'n wa en osse en sy had 'n paar stukkies huisraad. Met bittere swoeg en sorg en met die seën van die liewe Here het ons langsamerhand vorentoe gekom en 'n besittinkie bymekaar gemaak tot ons hierdie plaas kon koop en hierdie huis hier bou. Jare-lank was ons kinderloos, en toe het jy gekom om ons geluk vol te maak. En jy het grootgeword met al wat jy nodig had; by baie ander kinders vergelyk, selfs met oorvloed en weelde. En so het ons gedink om jou ná te laat as ons nie meer daar sou wees nie, in die stand wat vir jou 'n lewensnoodsaak geword het, want armoede of behoefte het jy nooit leer ken nie. Toe jy klaar was om te trou, met ons volle hart en sin, want die jonge man van jou keuse was jou waardig, het die ongeluk ons oorval, tot ons vandag op die rand van die afgrond staan. Daardie kennisgewing wat ek vanoggend ontvang het is so goed as 'n kennisgewing om te trek en alles agter te laat wat vir ons hier in ons tuiste dierbaar geword het, die huis met wat daarin is, daardie rusbank waar ons op gesit het en die katel waar ons op geslaap het en die tafel waar ons aan geëet het. En die plaas daarbuite; die lande waar ons gewerk het, die koelte waar ons gerus het, die diere om ons wat soos kinders vir ons was. Alles, alles, alles. Ons sal met die klere wat ons aan ons lyf het en sonder die bedelaar se bondel op die rug hier uitgaan. En ek is oud, my kind, en jou moeder is oud; ons kan nie 'n twede maal begint soos ons die eerste maal begint het nie —

PETR. En jy sit dit alles en aanhoor, Hans Groenewerf? En dis vir jou mooi?

DIED. Wag, my kindjie. Hans Groenewerf het nou hier gekom om aan te presenteer dat hy ons van hierdie ondergang sal red; dat hy die skuld sal kwytskeld tot die laaste pennie toe, en ons sal alles behou wat ons s'n was.

PETR. En die prys, Pappie? Die prys van so 'n ontsaglike grootmoedigheid?

DIED. Dit alles sal hy doen, my kind, as jy netmaar wil beloof om met hom te trou.

TANT SANNIE (*spring van haar stoel af op en kom by hulle staan. Sy vat Oom Diederik se arm vas soos in 'n skroef.*) Diederik, dis 'n helse keuse gebore uit die hart van 'n duiwel. Petronella behoort nie voor so 'n beslissing gestel te word nie. Sal jy, haar vader, dit toelaat; sal ek, haar moeder, dit toelaat; dat sy haar liggaam en siel aan so 'n ding soos daardie verkoop vir die prys van óns weelde? Stuur haar liewer op die strate. Dan sal sy tog onder die skurkmans nog die een kan uitsoek en die ander laat staan. Nou moet sy haar vasknoop aan die een enkele allerlaagste van almal wat haar liefde en trou vir haar vader en moeder wil uitbuit vir sy eie vuil begeerte.

DIED. Vrou, ek het jou gesê om stil te bly. Dis my bevele wat hier geld hierdie slag. Petronella, wat is jou antwoord?

PETR. (*sit haar een hand om Oom Diederik se nek en draai met die ander sy gesig na haar toe en kyk hom in die oë*): Pappie, jy is my vader; ek is jou dogtertjie. Soos jy sê ek moet antwoord so sal ek antwoord.

DIED. Hans Groenewerf, ek dink nie jy, selfs jy, het ooit in jou lewe nog 'n laer ding gedoen as wat jy vanoggend hier kom doen het nie. (*Hy stap na 'n rak toe en haal daar 'n dik kierie uit.*) Daar is die deur. Dat jy nog ongedeerd hier kan uitgaan,

skuld jy aan my vrou. Maar moenie my verder op die proef stel nie.

(*Hans gaan by die deur uit. Moeder en dogter vat Oom Diederik weerskante aan 'n arm.*)

DIED. (*met swaar bedwang op sy stem*): Sannievrou, en waarom wou jy vir Petronella die voorreg van haar verantwoordelikheid ontneem? Daarom het sy deur die smeltkroes gegaan en loutere goud uitgekom, omdat sy haar vader vertrou het. Laat dit nou hoe armoedig en gebrekkig met óns gaan en met háár gaan, solank as ons leef en nadat ons heengegaan is, solank as sy leef, sal sy 'n herinnering hou wat meer wêrd sal wees as al die skatte van die wereld.

Gordyn

TWEDE BEDRYF

ENIGSTE TONEEL

Die binneste van 'n ou tent, aangedui deur skuins-afhangende seile ens. Armoedigste meubilering; petrol-kassies, negosie-kaste en dergelike noodhulp-huisraadjies. Die kleredrag van die manspersone wat onderstand ontvang is volgens hulle werk aan die pad. Die vroue is nog altyd skoon en sindelik aangetrek maar op die goedkoopste; voorskote en velskoentjies.

Die geluid van buitekant van die stilhouende motor word nagemaak deur 'n gestamp en 'n geskuur wat vooraf beoefen is. As dit nie kan reggekry word nie moet dit maar bly.

TANT SANNIE (*kyk by die deur van die tent uit*): Kom binne, Dominee.

DS. DE WILD (*kom in*): More, Moedertjie.

SAN. More, Dominee. Dis baie lief van jou om ons te kom besoek. Te meer noudat ons nie meer 'n rydingetjie het om by die Kerk te kom nie.

DS. DE W. Ja, maar ek het net hier by jou een tent afgeklim want ek moet deurry. More-aand met my terugkoms, as die liewe Here my spaar, kom ek hier 'n diensie hou. En hoe gaan dit, Moedertjie?

SAN. Dominee, ons is gelukkig.

DS. DE W. Gelukkig, by wat julle nou is teen wat julle was!

SAN. Juis teen wat ons was, Dominee. So gelukkig. Die meulestene van angs en sorg is van ons harte weggerol; ons is nie meer op die hoogte met 'n afgrond wat voor ons gaap nie. Dis onderstandswerke, ja; maar dis nie genade-brood nie. Ons verdien ons kos en ons slaapplek. Dominee moet my ou man sien spit dat die stof so trek daar uit die droë Karo-grond. Sy litte het weer los geword; hy slaap soos 'n suieling en hy eet vir drie mense se aandeel aan die mieliepap en die growwe brood wat hy in die gars-koffie week. Ek en Petronella het ons aangemeld om saam daar in die pad te werk maar hulle wou ons nie neem nie — ons is dan vroumense. Nou het ons maar drie en 'n sikspens se inkomste op 'n dag, maar ek en Diederik het al in ons jong dae geleer om 'n sjieling baie maal om te draai voor ons hom uitgee. (*Die dominee draai sy gesig weg en vee met sy hand deur sy oë.*) En, Dominee —

DS. DE W. Ja, Moedertjie —

SAN. Dominee, daar op die plaas in die laaste tyd het my ou man so neerslagtig geword dat ek byna bang was hy sou van sy verstand af raak — nee, dit darem nie, maar hy sou hom dood verkwyn het. Nou kom hy van sy werk af hier in die tent in na my toe en sy oë straal soos toe hy my bruidegom was. Ek is die liewe Here baie-baie dankbaar.

DOMINEE: Ek verstaan, Moedertjie; jy het die hoogste seën ontvang, nie die buite-seën nie maar die binne-seën. Maar ek moenie laat wees vir my bestelling nie. Een oomblikkie — (*hy gaan by die deur van die tent uit en kom dadelik terug met 'n vol kussingsloop*). Daar was 'n tyd toe ek baie maal van julle plaas af huistoe gery het met my karkis vol liefdegeskenke; en hierdie groentetjies kom regtigwaar uit my eie pastorie-tuin. En daar is 'n paar soutribbetjies by — en wag nou, Moedertjie, wag nou, moenie nou praat nie, dis van ons eie hansskaap wat ons geslag het.

SAN. (*met trane in die oë*): Baie-baie dankie, Dominee. Ek sal die lekkernye wegsteek en vir 'n verrassing hou vir Sondag en Gideon en Hettie en Adelryk ook by-nooi.

DS. DE W. En dan is daar nog iets, Moedertjie . . . ek voel skaam, maar jy sal my nog meer skaam maak as jy dit weier. En dit kom nie van my nie maar van 'n gemeente-lid wat nie wil hê ek moet sy naam noem nie. Dis 'n vyfpondnoot wat hy stuur, en jy sal sy hart baie lekker laat voel as jy dit neem. (*Hy haal sy beursie uit en wil dit net oopmaak, Tant Sannie sit haar hand op syne.*)

SAN. Nee, Dominee; moenie my in die versoeking bring nie. Bedank daardie vriend tog met die meeste liefde; net sy gewilligheid al is 'n soetigheid vir my hart. Maar as ons vandag 'n aangebooie aalmoes neem, sal ons more daarom gaan vra en oormore daar aanspraak op maak. En as ek self dit nog sou neem, Dominee, sou my ou man my dit nooit vergewe nie. Ek sê nie dis verkeerd om jou broer se liefdegawe aan te neem wat hy jou bring in jou dag van behoefte nie — maar ons voel nou eenmaal nie daarna nie.

DS. D. W. Moedertjie —

SAN. Dominee, moenie my in die rede val nie. Het jy my leer ken vir 'n vrou wat te veel praat? (*Die dominee lag.*) Wat ek wou gesê het, Dominee, toe jy my in die rede geval het, dis mos jóú beroep om sonde te soek —

DS. D. W. Ag, fooitog, hoe kan jy so sê, Moedertjie? Om sonde te soek?

SAN. Ek meen om rond te kyk en te soek of daar nie sonde is om te veroordeel nie. Jy sal nou seker sê ons is nog nie van ons sondige hoogmoed ontslae nie.

DS. D. W. (*opsy*): Slim plan het sy gemaak om my met 'n grap weer op my gemak te bring! (*Tot Tant Sannie:*) Nee, Moedertjie, hierdie slag sal ek nie die gebod oortree om nie te oordeel nie. Maar ek moet gaan, anders haal ek nie my bestelling op Rietfontein nie. Sal Moedertjie tog vir Petronella vra om so lief te wees om die mense aan te sê dat ons more-aand hier 'n diens sal hê? Hier voor jou tent onder die doringboom sal gerieflik wees. Tot siens, Moedertjie, en my groete aan Oom Diederik en Petronella.

SAN. Baie dankie, Dominee. Jou besoekie was vir my 'n verfrissing.

(*Hulle gee mekaar die hand; die dominee gaan uit.*)

SAN. (*alleen; kyk hom agterna*): Sou dit nie die hart van die Here Jesus laat lekker voel om so 'n dissiepel te hê nie! (*Sy haal 'n ou broek te voorskyn en bekyk 'n gat wat daarin is. Sy skud haar kop.*) Ek sal nooit vir Diederik sover kry om oppassend te wees op sy klere nie. (*Sy frommel in 'n negosie-kissie en haal 'n stukkie lap te voorskyn.*) Nare ou lappie, maar dis die beste wat ek het. Maar ons het mos geleer om nie 'n nuwe lap op 'n ou kleed te sit nie. Maar wag, ek moet mos hierdie goedjies wegsteek. (*Sy vat die slopie goed wat die dominee gebring het en sit dit onder 'n negosie-kissie wat vir 'n sitplek daar staan.*)

PETR. (*kom in*): Wat steek Moeder daar weg?

SAN. Husse. En jy wag nie net tot ek opsy is om daarin te snuffel nie. Nuuskierige Agie.

PETR. Steek maar weg tot Sondag toe, Moeder. Ek het daar van die onderste tent af, waar die maatskappy-stampblok staan, die dominee met 'n slopie hierheen sien kom.

SAN. (*kyk haar aan*): Jy's 'n skone vroumens . . . Het my kindjie die mielies gestamp en oorgehang?

PETR. Ja, Moeder, en die vuur weer opgemaak. Oë seer. Daardie nare kaggel rook mos al is daar geen stuk wind nie. Hy sal nog sonder vuur ook leer rook. En nou sal jou flukse groot dogter die patattas skil. (*Sy haal patattas uit en 'n skottel en 'n mes en gaan aan 't skil. Tant Sannie naai die lap op die broek.*)

TANT HETTIE (*kom in*): More, vlytige mense.

SAN. More, waarheidliewende buurvrou. Wat kom jy leen?

HET. 'n Handjievol sout. Ek het nie 'n krieseltjie oor nie. Nig Sannie kan die korreltjies tel.

PETR. (*sonder om op te kyk*): Tant Hettie, wat makeer Adelryk? Dis vir my nes hy siek is en dit wegsteek. Gistraand toe hy van die werk af kom wou hy my soos gewoonlik vir 'n wandlinkie neem in die koelte van die aandlug, maar ek kon sien hy is kapot. Toe het ek gemaak nes ek self moeg is en ons het op 'n stomp gaan sit. En hy het al die tyd my hand vasgehou maar met sy kop onderstebo gesit en byna nie 'n woord met my gepraat nie.

HET. My kindjie, ek is self nes ek half onrustig is. Ek het Adelryk vannag daar buite onder die skerm gehoor woel en steun, en stilletjies opgestaan en na hom toe gegaan. Maar hy sê dis niks; daar is 'n stekie in sy regtersy wat hom hinder maar dis nie om van te praat nie—hy het hom seker maar ongemerk daar by die werk seergemaak, gestamp of iets. Vanoggend het hy vir my heeltemal nie goed gelyk nie. Ek wou hom nie laat werk-toe gaan nie en sy pa wou dit ook nie hê nie. Maar hy wou verseg nié by die tent bly lê en die twee ou-mense moet in die bloedige son gaan werk nie.

SAN. En Adelryk is so 'n frisse gesonde seun. Ek hoop tog nie daar is iets verkeerd nie. Sou dit altemit die brakwater wees? Ons kos is mos tog gesond al is dit eenvoudig.

HET. Hy hét vanoggend vir my gelyk nes hy dwing om mislik te word. Wou nie eens sy koffie drink nie. Maar dan, dis garskoffie.

SEUN (*kom by die tentdeur in en kyk die drie tantes deur. Sonder erg en asof hy niemand eintlik aanspreek nie*): Oom Adelryk het daar by die werk inmekaar gesak. Hulle dra hom hiernatoe aan.

HET. O liewe Here. (*Sy en Petronella spring op om uit te hardloop.*)

SAN. (*agterná*): Nig Hettie, laat hulle hom hierin bring. Hier is meer ruimte as in jóu tent; die twee mans kan vannag dáar slaap. Ek maak gou hier 'n plekkie reg.

(*Petronella en Hettie gaan uit. Tant Sannie soek kooigoed bymekaar en gooi dit reg. Oor 'n rukkie word Adelryk ingedra deur Oom Gideon, Oom Diederik en nog twee mans. Hulle lê hom saggies op die bed neer. Tant Hettie en Petronella kom agterná in. Tant Hettie gaan by Adelryk se koppenënd staan en sit haar hand op sy voorhoof. Petronella staan aan sy voete. 'n Mens hoor 'n motorbeuel buite op 'n afstand en daarna die brieke skree soos hy gestop word. Dr. Maynier kom in.*)

DR. M. Verskoon my, vriende. Ek het hier 'n siek man sien indra. Kan ek miskien van diens wees? Ek is Dr. Maynier van die Kaapstad. Ek is hier op 'n haastige deurreis en ek het geen medisyne of instrumente by my nie, maar altemit kan ek sê wat die man makeer en hoe hy moet behandel word.

HET. Ek dank die liewe Here, dokter; dis Hy wat jou hierheen gestuur het.

DR. M. Laat ek na die pasjent kyk, Mevrou. (*Hy gaan na die bed toe, voel of die pasjent koors het, voel sy pols, vra hom waar hy die pyn het, druk met sy vingers op 'n paar plekke laag op die maag af*

aan die regterkant. Ná 'n kort ondersoek draai hy om en beduie vir die ander mense om eenkant-toe te staan, weg van die kooi af. Hy begint:) Wie van u is sy mense?

HET. Ek is sy moeder, en dis sy vader. Meneer en Mevrou Gideon de Beer.

DR. M. Ek is jammer; u seun se toestand is ernstig, baie ernstig. Hy het blinde-derm-ontsteking wat vérheen is.

HET. Dokter, en hy het byna nie gekla nie; tot netnou toe was hy nog in die werk. Vannag het hy gesteun en gewoel; vanoggend was hy mislik sodat hy nie sy bord pap kon eet nie.

DR. M. Hy moet hom bitter swaar teëgesit het om sy pyn weg te steek. Al wat ek nou kan sê is, as daar nog vandag, of ten uiterste more, 'n operasie gedoen word, sal dit hom na alle waarskynlikheid red. Sonder die operasie sal hy nie nog drie dae lewe nie.

GID. En daarvoor moet hy dorp-toe vervoer word.

DR. M. Daarvoor moet hy dorp-toe vervoer word waar daar dokters en verpleegsters en die nodige toerusting is.

HET. Here in die hemel, en daarvan hang my seun se lewe nou af! Hoe sal ons hom op die dorp kry, en as ons hom daar kry, waar sal ons die geld kry om vir die operasie te betaal?

DR. M. As hy eers daar gebring kan word, miskien sal daar jammerte wees. Ek is nie met my eie motor hier nie; omdat ek self na 'n dodelike geval bestel is, het ek die eerste geleentheid gegryp wat daar was toe my motor 'n ongeluk oorgekom het.

GID. Is die baas van die motor saam?

DR. M. Ja. Dis ene Meneer Groenewerf.

GID. Hans Groenewerf?

DR. M. Hans Groenewerf. Ek is hom dankbaar vir die geleentheid om oor die weg te kom, al moet ek hom daarvoor betaal, maar hy lyk my nie na iemand wat baie vir 'n ander oorhet nie. Maar ek sal hom gaan vra of hy die siek man wil oplaai en by die dorp omry; ons sal nog die trein kan haal. (*Hy gaan uit.*)

DIED. Hans Groenewerf. Ook hier, onder die skaduwee van die dood, is ons in sy hande.

PETR. Pappie, sal ék met hom gaan mooipraat?

DIED. My kindjie, ek wil jou nie terughou nie. Dis 'n saak van dood en lewe; as jy nie jou uiterste gedoen het nie, sal jy jou jou lewe lank verwyt.

(*Dr. M. kom terug met Hans Groenewerf.*)

HANS (*stap tot voor Petronella*): Petronella, kan ek 'n oomblikkie met jou alleen praat? (*Die ander gaan opsy na die ander kant van die tent. Hans gaan voort:*) Petronella, dis nou die derde keuse wat ek voor jou plaas. En dis nou nie 'n saak van 'n plaas en 'n lewensbestaan nie; dis nie 'n saak van rykdom of armoede nie; dis 'n saak van dood of lewe. Waarom sal ek my pinkie uitsteek om vir Adelryk te red? Hy staan nog altyd in die pad van die een begeerte op aarde waaraan my siel verslaaf is. En daarom is sy lewe nou in jou hand, na jou keuse en na jou beskikking. Beloof om met my te trou en ek sal vir Adelryk dorp-toe saam neem en daar goedstaan vir al die onkoste en fooie van die operasie.

PETR. En as ek nie inwillig nie?

HANS (*haal sy skouers op*): Dan moet jy maar die verwyt van jou siel dra solank as jy leef dat dit in

jóu mag was om Adelryk te red, en jy het hom laat sterwe. Wat is jou antwoord, Petronella?

PETR. Kom ons stap nader na die ander mense toe. (*Die ander kom ook aan; hulle ontmoet mekaar in die middel van die tent. Petronella praat*:) Oom Gideon en Tant Hettie; ek praat met julle as Adelryk se vader en moeder. Dis nou die derde maal dat Meneer Groenewerf my voor 'n ernstige keuse stel tussen met hom trou of weier en die gevolge daarvan neem. Die eerste maal het ek self gekies en nee gesê. Die twede maal het ek my vader laat kies en sy keuse was nee, tot sy eie ondergang en moeder s'n. Hierdie derde maal sal ek Adelryk laat kies. Ek kan hom nie uitdruklik vra nie; hy is te siek. Maar dis nie nodig nie; ek weet wat sy keuse sou wees; ek ken sy siel soos ek myne ken. En hy sou duisendmaal liewer die aakligste folterdood sterwe as om sy lewe te koop teen die prys van my besoedeling. En daarom is dit my antwoord aan jou, Hans Groenewerf: Laat Adelryk sterwe. En mag God jou vergewe. (*Sy gaan agter Adelryk se bed om sodat haar gesig na die gehoor toe bly, en sak met haar hoof op sy bors.*)

Gordyn